

Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom

KONFERENSIE OOR AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGLITERATUUR

PIETER HUGO

Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek

In die afgelope dekade het die aantal Afrikaanse kinder- en jeugboeke wat gepubliseer is met 71% verminder, van 220 boeke in 1990 tot 66 in 2001. Wêreldwyd word al hoe meer kinder- en jeugboeke verkoop, maar daar word al hoe minder titels uitgegee. 'n Skrywer se werk is nog glad nie klaar as die boek klaar geskryf is nie, dan begin die groot werk van bemarking eers. Kinders wil boeke lees met karakters wat soos hulle praat. Kinders koop 'n boek op sy voorkoms, ma's koop pryswenners, pa's koop die ou reekse soos *Trompie* en *Jasper*, oumas en oupas koop voorleesboeke en **Liewe Heksie**. Daar is skoolhoofde wat nie aan skrywers geleentheid wil gee vir boekbe-kendstelling nie, 'want ons kinders lees nie'.

Hierdie is 'n paar van die interessante dinge wat uitgekome het tydens 'n konferensie oor Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur, *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom*, wat in September verlede jaar in Kaapstad by die Huis der Nederlanden gehou is. Die Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur (ENIK) van UNISA het beslis geskiedenis gemaak met die aanbieding van hierdie konferensie, 'n eerste oor die onderwerp. Die sprekers was verteenwoordigend van die hele spektrum mense wat by hierdie boeke betrokke is, van skrywers, kunstenaars, uitgewers, akademici, boekhandelaars, bibliotekaris, onderwysers tot die lesers self.

Miemie du Plessis, jeugboekredakteur van Lapa Uitgewers, gee 'n insiggewende blik op die 'tweens' (8-12 jariges) en hulle leesvoorkeure. Hulle hou van boeke wat

vir hulle geskryf is en wat praat soos hulle praat. Die boek moet cool lyk en die titel en voorblad moet dadelik die aandag trek. Stories moet in die hede plaasvind, spannend wees, met dalk 'n bietjie romanse en 'n soen, en teen die einde moet alles mooi saamval, maar veral moet daar 'n sterk storielyn wees. Hulle is mal oor speurverhale en grilstories. Hulle hou van gesonde gesinsverhoudinge en karakters wat tradisionele seuns- en meisierolle speel. Hulle wil vroeg in die verhaal al weet wat gaan aan en die storie moet vinnig beweeg.

Du Plessis kla dat die verskeidenheid Afrikaanse kinder- en jeugboeke te klein is, 'n sentiment wat deur alle bibliotekaris se beaam is. Afrikaanse jeuglesers neem al hoe meer Engelse boeke uit omdat daar nie genoeg nuwe Afrikaanse boeke verskyn nie.

Interessant in hierdie verband is dat Lapa Uitgewers die enigste uitgewer is wat sy produksie van Afrikaanse kinder- en jeugboeke uitbrei, terwyl die totale produksie van hierdie kategorie met meer as twee derdes afgeneem het. Dit is van die feite wat 'n mens laat regop sit het tydens Maritha Snyman, van die Universiteit van Pretoria, se spreekbeurt. Sy praat oor *Produksiepatrone van die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: 1990-2002*. Gedurende hierdie tydperk het omtrent die helfte van die uitgewers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke verdwyn, naamlik Daan Retief, Anansi en Van Schaik. Deesdae is net een uit elke drie Afrikaanse kinderboeke oorspronklik, terwyl twee uit drie vertalings is. Human & Rousseau gee die meeste uit, maar 80% daarvan is vertalings, terwyl 90% van Lapa s'n oorspronklike Afrikaanse

In die afgelope dekade het die aantal Afrikaanse kinder- en jeugboeke wat gepubliseer is met 71% verminder, van 220 boeke in 1990 tot 66 in 2001

CONTENTS / INHOUD

<i>Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom - Konferensie oor Afrikaanse Kinder- en Jeugliteratuur</i> Meer oor hierdie insiggewende konferensie deur Pieter Hugo	12
<i>Margaret Craven - Who studied when women didn't go to university</i> An overview by Grizéll Azar-Luxton	13
<i>I heard the owl call my name</i> A discussion of this sensitive work by Erica Bauermeister	14
<i>The sporting life - A selection of good reads</i> A fascinating selection by Book Selector Sabrina Gosling	15
<i>Howzat? A selection of recent cricket books</i> Sabrina Gosling provides librarians with an updated list of the most recent books on cricket	18

boeke is. By Tafelberg is dit 50/50 oorspronklik teenoor vertalings.

94% van die vertalings is uit Engels, wat 'n ernstige waarskuwingstekens is dat die Afrikaanse kinder- en jeuglektuur besig is om te veramerikaans (kyk maar net na al die Disney en Barbie boeke op ons biblioteekrakke).

Die kwessie van veramerikaansing en kultuur- en literatuurverarming is skerp aangespreek deur verskeie skrywers. Leon de Villiers het, met verwysing na die wêreldwye kulturele oorlog, gesê die Amerikaners is meesters van die vermaak-kuns, maar ons skrywers moet leer waar ons kan sonder om bloot na te skryf. Daar moet ook plek in die Afrikaanse jeugliteratuur wees vir dit wat nuut en anders is, nie net vir boeke wat perfek pas op die afgebakende rakke wat deur marknavorsing bepaal word nie. Afrikaanse jeugboekskrywers moet ons potensiaal van 'n opwindende kontinent benut en eg Suid-Afrikaans skryf.

George Weideman het onder die titel, *Is daar lewe na Harry Potter: daar's wel haai in die punch*, gekyk na die verskynsel van 'hype' en Harry Potter. Dit gebeur al hoe meer dat daar 'n ongesonde 'hype' om 'n boek ontstaan, met die meegaande illusie dat die boek noodwendig goed is. Hy betreur die feit dat geen boek deesdae sonder reklamegesketter kan oorleef nie. Enkele boeke word 'opgeblaas' en sorg vir rekordverkope, maar uiteindelik lei dit tot die vermindering in die aantal titels wat uitgegee word. Skrywers moet dink waarmee hulle eintlik besig is, om geldmag te bevorder of om letterkunde te bevorder?

Carina Diederiks-Hugo van Human & Rousseau wys die positiewe keersy van die bemarkingsmunt. Die bemarking van Afrikaanse kinder- en jeugboeke is moeilik,

maar tog interessant. Sy wys op die suksesse wat onlangs behaal is waar uitgewers en skrywers aan gesamentlike alternatiewe bemarkingsveldtogte deelgeneem het. Skole is besoek met selektiewe voorlesings deur skrywers uit hulle eie boeke, sowel as opvoerings van grepe uit boeke. Skrywers moet besef dat publikasie van 'n boek maar die begin is, daarna lê die harde bemarkingswerk voor. Uitgewers moet ontslae raak van ou voorafopgestelde idees. Die dae van 'n groot voorgeskrewe mark en groot aankope deur biblioteekdienste is verby. Aktiewe bemarking is die sleutel tot oorlewing. Publiseer aantreklike boeke van 'n hoë standaard, ken en benut jou afsetgebiede, skep vooraf reklame 'hype' en betrek skrywers by bemarking. Bemarking moet ook al hoe meer fokus op die 'tweens'. Gebruik, onder andere, kinderkeurders en -resensente, asook die konsep van 'bookpushers', waar die 'coolste' kind in 'n skool gebruik word om boeke te bemark.

Magdel Vorster beaam, vanuit 'n boekhandelaarsperspektief, dat Afrikaanse kinder- en jeugboeke nie sommer bloot op die titel verkoop nie, daar is bekendstelling nodig. Al boeke wat hulleself verkoop, is 'hype' boeke soos Harry Potter, boeke wat goeie publisiteit kry, klassieke boeke en opwipboekies.

Uiteindelik loop die konferensie ten einde met meer vrae as antwoorde. Uitgewers, titels en kopers van Afrikaanse kinder- en jeugboeke raak minder. Oor-



Vlnr: Philip de Vos, Ethney Waters, Melanie Zeederberg en Piet Grobler in ligte luim tydens die konferensie

spronklike Afrikaanse titels raak minder, terwyl vertalings meer raak. Is daar nog plek vir unieke, nuutskeppende boeke in 'n mark wat al kleiner en meer resepmatig raak? Waar lê die balans tussen swaar boeke oor 'issues' en goeie ontspannings- en naelbytboeke? Hoe lank nog voor al die uitgewers en skrywers besef dat boeke nie hulleself verkoop nie? Waar is die grens tussen aktiewe bemarking en ongesonde 'hype'?

Op 'n ander noot het Philip de Vos vir groot vermaak gesorg met sy weergawe van die Afrikaanse limeriek. Ander bekende wat te siene was, was Mariana Brandt, Martie Preller, Piet Grobler en Riana Scheepers.

Twee skrywerstoekennings is ook

tydens die konferensie oorhandig: Jude Daly het die Katrine Harries Toekenning vir Kinderboekillustrasies ontvang terwyl Freda Linde 'n spesiale toekenning ontvang het vir haar bydrae tot die Afrikaanse kinderboek en jeugliteratuur. Verskeie boeke is ook bekend gestel naamlik **Muisie my meisie** deur Piet Grobler en Philip de Vos; **Thomas@aquanet** deur Carina Diedericks-Hugo en **Toepa Dopa Tower** deur JF Spies en Piet Grobler. Die sangeres, Laurinda

Hofmeyer het konferensiegangers behoorlik meegesleur met haar klassieke musikale verwerking van verskeie Afrikaanse gedigte.

En, heel gepas, het die konferensie ten einde geloop met 'n bydrae van die jongklomp - dis nou leerders van die Hoërskool DF Malan - wat sê hulle verkies om hoofsaaklik Engels te lees, omdat daar nie genoeg fantasie en tydlose klassieke werke in Afrikaans beskikbaar is nie. Hulle voel ook dat Afrikaanse boeke te veel issues het: soos swangerskappe en dwelms. Leerders van die Hoërskool Blackheath voel weer dat Afrikaanse leesstof betreklik skaars is, veral leesstof waarmee hulle hul kan vereenselwig.

Wat 'n mens wel deeglik weet na afloop van die konferensie, is dat baie van die rolspelers in die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur baie hard dink en werk aan die talle probleme wat hulle in die gesig staar.

Nota: Insette deur Ethney Waters, Afrikaanse Boekkeurder